

# HEIDELBERG MUURBALKLUB

Hoek van Viljoen Street en Groenfontein Rd, Heidelberg

<http://heidelberg-squash.co.za/>



## Aandag LEDE:

*Ons verwelkom ons al ons lede, en veral die nuwe lede terug vir 2020. Mag jy jou muurbal terdeë geniet en miskien ook nuwe vriende maak die Heidelberg Muurbalklub !*

*Die bestuur wil asb u aandag op die volgende sake vestig:*

## LEDEGELD

**Daar is vanjaar geen verhoging in die ledegeld nie.** Betaal asseblief jou jaarlikse ledegeld so gou as moontlik. Ons muurbalklub is 'n klub bestaande uit lede, bestuur deur lede. Dit is die klub se enigste inkomste en daarsonder sal die klub tot niet gaan. Ledegeld is betaalbaar voor 31 MAART, waarna die toegang-tag geblok sal word en R200 aansluitgelde betaal moet word om weer die toegang-tag te aktiveer.

## Ledegelde vir 2020 :

Eerste Lid:	R 1600.00 per jaar
2de Lid in Gesin:	R 800.00 per jaar
Verdere Gesinslede:	R 500.00 per jaar
Skoliere en Studente:	R 500.00 per jaar

Elektroniese betalings kan gedoen word: **ABSA HEIDELBERG ; Takkode : 334141**  
**Rek : HEIDELBERG MUURBALKLUB**  
**Reknr : 500 380 128**  
**Ref : Naam en Van**

E-POS bewys van elektroniese betaling na : [heidelberg.squash@gmail.com](mailto:heidelberg.squash@gmail.com)

## Huidige Bestuur

<b>Voorsitter :</b>	Nico Archer	063-769-3989
	Tracy du Plooy	082-951-6555
	Abrie du Plooy	084-678-8287
	Billy Hall	082-782-8760
	Niel Swart	079-870-0181
<b>Finansies en WEB :</b>	Rian Van Schalkwyk	083-708-7564

## NUWE LIDMAATSKAP:

Nuwe lede is welkom om aan te sluit by die klub. Aansoekvorms is beskikbaar op die WEB site, <http://heidelberg-squash.co.za/> . Indien iemand eers die klub wil besoek en een of twee keer wil speel, kontak enigeen van die bestuurslede om dit te reël.

## **BEDANKING VAN LIDMAATSKAP:**

Handig asb u Elektroniese Tag en Ligsleutel in by enige lid van die bestuur as u verhuis of u lidmaatskap wil beëindig.

## **Terugvoer, navrae en voorstelle:**

Enige sake wat u onder die bestuur se aandag wil bring en vir enige terugvoer, navrae en voorstelle, stuur email na [heidelberg.squash@gmail.com](mailto:heidelberg.squash@gmail.com).

## **Lockers:**

Lockers is beskikbaar teen R500 eenmalig.

## **Elektroniese besprekings:**

Besprekings word aanlyn gedoen by <http://heidelberg-squash.co.za/>. Gebruik die No op jou Tag as Member No.

## **Reëls:**

### **LET ASSEBLIEF DAAROP DAT HIERDIE IS 'N MUURBALKLUB NET VIR LEDE**

1. Slegs opbetaalde lede mag bane bespreek en speel. Albei spelers moet lede wees.
2. Gaste mag een of twee keer saam met lede speel. Daarna moet hul aansluit.
3. Die lid wat die bane oopsluit is verantwoordelik vir die gedrag van sy gaste en moet verseker dat die bane en klub netjies is en toegesluit as hy/sy vertrek.
4. Lede mag nie hulle TAGS vir ander persone leen of vir hulle oopsluit nie.
5. Die lid wat 'n baan bespreek het, moet self speel in die bespreekte tyd. Kanselleer asseblief as jy nie kan speel nie.
6. Lede word versoek om die WAIERS en LIGTE af te skakel wanneer die bane verlaat word!
7. Gebruik asb skoene met die korrekte SOLE om skade aan die vloere te voorkom! BOETE en moontlike skorsing sal volg op oortreding!
8. Gooi asseblief leë blikkies in die asblikke, plaas leë waterbottels in die wasbak en hou die bane netjies!

*Muurbalgroete!*

*Bestuur 2020*